# SENTRALE KAROO DISTRIKRAAD

# BELEID : NEPOTISME

# BELEID RAKENDE NEPOTISME

- Die basiese kriteria vir die aanstelling bevordering van werknemers in die organisasie van die Raad is gepaste kwalifikasies en prestasie soos wat dit in die beleidsrigtings van die Raad uiteengesit word.

- Gesins- of huweliksverwantskappe strek nie tot voordeel of nadeel van ‘n werknemer nie.

- Geen individu word in enige departement of eenheid in diens geneem sodat ‘n verhouding van ondergeskikte-meerdere tussen sodanige individu en enige familielid by wyse van enige gesagslyn ontstaan nie. Soos hierin gebruik, beteken “gesagslyn” gesag wat vertikaal deur een of meer organisasievlakke van toesighouding of bestuur strek.

- Vir die doeleindes van hierdie beleid word familielede as gades, ouers en kinders, broers, susters, en enige skoonfamilie van enige van die voorafgaande omskryf.

- Paragraaf 3 is nie van toepassing op :

  A. Die tydelike of deeltydse indiensneming van kinders jonger as 25 jaar.

  B. Individue wat sedert …………………………………………………………………. in enige departement in diens geneem is waar ‘n familielid van sodanige individu ‘n meerdere posisie beklee wat in enige gesagslyn minstens een toesighoudingsvlak van sodanige individu verwyder is;

  C. Uitsonderings wat op aanbeveling van die HUB as duidelik in die beste belang van die Raad is, wat deur die Raad goedgekeur is.